

God se Geheime Boodskappe

Aktiwiteit:

Gebruik dit wat jy in die huis het en bou 'n baie eenvoudige hindernisbaan. Blinddoek die lede van die gesin en laat hulle probeer om die hindernisbaan geblinddoek te doen. Haal die blinddoeke af wanneer hulle te veel sukkel, en laat hulle dit nou sonder die blinddoeke doen.

Watter een was die maklikste gewees? Die een SONDER die blinddoeke natuurlik!

Inleiding:

En dis hoe ons drome wil verduidelik. Drome help ons om deur die hindernisbaan te kom, omdat ons kan SIEN wat voor ons is. God gee nie drome sonder rede of doel vir Sy kinders nie. Wanneer Hy vir jou in 'n droom iets wys wat in die toekoms gaan gebeur – soos bv. met Daniël – is dit sodat ons 'voorbereid' daarop kan wees. Ons kan dit 'sien', so dis nie so vreesaanjaend vir ons wanneer dit gebeur nie, want God het ons voorberei daarop.

In hierdie gedeelte gaan ons kortliks na vier verskillende mense se drome kyk. Elke droom is anders, en die rede waarom God dit vir hulle gegee het verskil. Wanneer julle deur dit werk, hou die heelyd die hindernisbaan in gedagte.

Vraag 1:

Die eerste persoon na wie ons kyk is Gideon, wie was hy gewees?

Antwoord: Gideon was 'n Rigter gewees.

Vraag 2:

Wat is 'n Rigter?

Antwoord: Leiers wat God aangestel het om sy volk te red. (Rig 2:16)

Vraag 3:

Die tweede persoon na wie se droom ons kyk is Salomo, wie was hy gewees?

Antwoord: 'n Koning van Israel.

Vraag 4:

Wie was sy pa gewees?

Antwoord: Koning Dawid

Vraag 5:

Die derde persoon is Nebukadnesar, wie was hy gewees?

Antwoord: Die Koning van Babel

Vraag 6:

Die vierde en laaste persoon is Daniël, wie was hy gewees?

Antwoord: Hy was een van God se profete gewees, en 'n banneling (gevangene) wat uit sy land weggeneem is na Babel toe.


Vraag 7:

Waarvoor is Daniël baie bekend?

Antwoord: Sy liefde en gehoorsaamheid aan God. Hy is daarvoor in die leeu kuil gegooi.

Gideon

Gebruik die 'Dancing man code' alfabet om die volgende boodskappe te ontsyfer.



Gideon is die eerste persoon by wie ons stilstaan. Wat interessant van hierdie droom is, is dat Gideon dit nie SELF gehad het nie, maar God wou hê dat hy hierdie droom moes hoor.

1. Wie het die droom gehad? (Rig 7:13)

iemand in die midianiete

se kamp

2. Hoekom wou die Here hê dat hy die droom moes hoor? (Rig 7:11)

sodat hy kon moed skeep


en hulle aanval

3. Wat het Gideon gehoor? (Rig 7:15)

dat die here hulle die

oorwinning gee SALOMO

Gebruik die 'Tic Tac Toe' alfabet, om die volgende boodskappe te ontsyfer.



1. God het een nag in 'n droom aan Salomo verskyn, wat het Hy vir Salomo in die droom gevra? (1 Kon 3:5)

wat wil jy he moet ek

vir jou gee

2. Wat het Salomo God geantwoord? (1 Kon 3:9)

Gehoorsaamheid en insig

om die volk reg te

regeer

3. Omdat dit was wat Salomo gevra het, het God hom die volgende bygegee:
(1 Kon 3:12-14)

Wysheid en insig

Rykdom en aansien

en lang lewe as hy reg

lewe voor god

Nebukadnesar

Gebruik die 'Vinger' alfabet, om die volgende boodskappe te ontsyfer.



Nebukadnesar het twee drome van God ontvang:

1. In die eeste droom het God vir hom 'n groot beeld gewys wat van verskillende goed gemaak was. Elke deel het op 'n koninkryk gewys. Hierdie droom het God vir hom gegee vir 'n spesifieke rede. (Dan 2:29)

God het hom gewys
wat

in Die Toekoms gaan

gebeur

2. Die tweede droom was nie 'n goeie droom vir Nebukadnesar gewees nie.
Wat het God vir hom gewys gaan Hy met hom doen? (Dan 4:10-16)

hy sou sewe jaar
soos

n dier in die veld

leef

3. Hoekom het God dit aan Nabukadnesar gedoen? (Dan 4:29)

Omdat hy homself bo


God gestel het

4. Wie het God gebruik om albei sy drome uit te lê?

Vir daniel

Daniël

Gebruik die 'Dingbat' geheime alfabet, om die volgende boodskappe te ontsyfer.



1. God het 'n baie spesiale gawe vir Daniël gegee. Wat was dit?

Om drome te kon uitle

2. God het self ook baie met Daniël deur drome gepraat. Wat het God meeste van die tyd vir hom in sy drome gewys?

wat in die eindtyd

gaan gebeur

3. Hoekom het God vir so baie mense deur die Bybel, in drome gewys wat in die eindtyd gaan gebeur?

Sodat ons voorbereid

Daarop kan wees

4. Die drome wat Daniël by God gekry het is baie vreemd en maak mens soms bang wanneer jy dit lees. Daniël self het vir God in Dan 12:8 gesê dat hy van dit nie verstaan nie. Wat het God hom geantwoord?

(Dan 12:9)

ons gaan nie alles

voor die tyd weet nie,

want god hou van dit

geheim tot die einde

5. Nou as ons nie alles mag weet nie, hoekom is dit dan belangrik?

sodat ons kan weet dat

daar vreeslike dinge

in die eindtyd gaan

gebeur, en dat ons reg

voor god moet leef om

gereed te wees wanneer

hy ons kom haal

Antwoorde:

GIDEON:

1. Iemand in die Medianiete se kamp.
2. Sodat hy kon moed skeep en hulle aanval.
3. Dat die Here hulle die oorwinning gee.

SALOMO

1. Wat wil jy hê moet ek vir jou gee?
2. Gehoorsaamheid en insig om die volk reg te regeer.
3. Wysheid en insig; rykdom en aansien; 'n lang lewe as hy reg voor God leef.

NEBUKADNESAR

1. God het hom gewys wat in die toekoms gaan gebeur.
2. Hy sou sewe jaar soos 'n dier in die veld leef.
3. Omdat hy homself bo God gestel het.
4. Vir Daniël.

Daniël

1. Om drome te kon uitlê.
2. Wat in die eindtyd gaan gebeur.
3. Sodat ons voorbereid daarop kan wees.
4. Ons gaan nie alles voor die tyd weet nie, want God hou van dit geheim tot die einde.
5. Sodat ons kan weet dat daar vreeslike dinge in die eindtyd gaan gebeur, en dat ons reg voor God moet leef om gereed te wees wanneer Hy ons kom haal.